DR BRYAN G LAWRENCE
SPECIALIST SURGEON
Practice Nr: PR 0624640
*MBChB (Pret), FCS(SA), MMED(Chir) (Pret)*

# DAG KLINIEK - Opname Inligting en Prosedure Toestemming

**Pasiënt:** ______________________________________________

**Teaterdatum:** ______________________________________________

**Prosedure:** ______________________________________________

**Magtigingsnommer:** ______________________________________________

**Voorbereiding / Opname:**

U tyd van opname sal bevestig word een dag voor opname. Neem kennis dat teatertyd nie bevestig kan word nie.

Moet asb niks eet of drink 6 ure voor u opnametyd nie, tensy u anders in kennis gestel word.

Daar mag vertragings wees in opname, bedallokasie en operasie / behandeling, afhangende van noodgevalle wat mag voorkom. Wees asb verdraagsaam met ons, ons probeer ons bes om op tyd te wees. Dr BG Lawrence het geen beheer oor die bogenoemde, asook die gedrag, bekwaamheid van personeel en beskikbaarheid van toerusting en medisyne.

‘n Opvolg afspraak moet gereël word vir u binne 7-10 dae (afhangende van die prosedure) vir wondassessering. Indien u enige probleme ondervind voor hierdie datum, kontak asb Dr Lawrence se kamers vir ‘n dringende afspraak.

Afhangende van die prosedure, sal u verdowing of algemene narkose ontvang vir die prosedure en iemand sal nodig hê om u te vergesel en u huis toe te ry. Reël asb vervoer.

**Medikasie:**

**Hipertensie:** Hou asb aan om u medikasie teen hipertensie te neem die oggend van u prosedure.

**Diabetes:** Orale diabetiese medikasie moet gestaak word die oggend van die prosedure. Pasiënte op inspuitbare diabetiese medikasie moet glukosevlakke toets die oggend van die prosedure en daarvolgens spuit.

**Warfarin:** Moet gestaak word 4 dae voor die proseudre. U sal voorsien word met ‘n voorskrif vir Clexane om te neem in die tyd voor u prosedure. Clexane moet gestaak word 12 ure voor die u prosedure. U sal weer u Warfarin begin saam Clexane na u prosedure tot u INR weer terapeuties is.

**Plavix:** Stel asb Dr Lawrence in kennis voor u prosedure indien u Plavix neem om individuele instruksies te ontvang.

**Alle ander roetine / kroniese medikasie moet soos gewoonlik geneem word met ‘n klein slukkie water.**

Parafeer: ________



Eugene Village NO 7, Life Eugene Marais Hospital, 696 5th Avenue, Les Marais, 0084
Tel: 012 335 0625 • : 066 019 2588
drbglawrence.admin@telkomsa.net • drbglawrence-surgeon.co.za

**Rekeninge / Eise:**

Dr BG Lawrence se fooie word deur meeste groot mediesefondse gedek. Dit is steeds u verantwoordelikheid om u fonds te skakel en uit te vind watter bedrag betaal sal word. Die rekening bly u verantwoordelikheid tot dit tenvolle vereffen is. Agterstallige rekeninge sal gelewer word vir skuldinvordering en rente sal binne ooreenstemming tot die faktuurbeleid gehef word.

U mediesefonds kan 'n betaling direk aan u maak, in welke geval u onderneem om die rekening onmiddelik te vereffen. Indien u versuim om u rekening binne 10 dae te vereffen nadat die betaling aan u gemaak is, sal die rekening oorhandig word vir skuldinvordering sonder verdere kennisgewing.

Vir sekere prosedures mag die Dag Kliniek 'n bybetaling eis, dit geld veral vir 'n endoskopie in teater asook die gebruikmaak van implanteerbare maas wat gebruik word in breuke. Bevestig dit asb met u mediesefonds wanneer u aansoek doen vir magtiging. Neem kennis dat die bybetaling ook met die Dag Kliniek bevestig kan word omrede korting van toepassing mag wees.

Meeste narkotiseurs hef nie mediesefondstariewe nie en 'n kontaknommer sal op versoek verskaf word sodat u kan bepaal wat die bybetaling sal wees.

Indien bykomende gesondheidsorgverskaffers aandag aan u verleen, insluitend ander dokters, radiologie en patologie, wees asb bewus dat hulle aparte rekeninge sal indien.

**Prosedure / Kliniek Sorg:**

U bevestig hiermee dat Dr BG Lawrence die aanduidings en aard van hierdie chirurgiese operasie / prosedure verduidelik het, insluitend die voordele en risiko's, komplikasies en newe-effekte. Dr Lawrence het alternatiewe vorms van behandeling met u bespreek (indien beskikbaar) en u is die geleentheid gegun om vrae te vra.

Wees asb bewus daarvan dat ten spyte van die beste sorg, die behandeling 'n effek van pyn, ongemak, naarheid en versadigheid, vorming van littekenweefsel, verandering van derm gewoontes, inhibisie van normale aktiwiteite en indiensneming kan hê.

Party van die risiko's van enige chirurgiese prosedure sluit in pyn, bloeding, skade aan nabygeleë senuwees of are, wondinfeksie, bloedklonte, longontsteking en reaksie op geneesmiddels. Dit kan lei tot die behoefte vir verdere operasies, oorplasing na 'n hospitaal en verlengde tyd af by die werk.

Alhoewel u operasie beplan word as 'n laparoskopiese (sleutelgat) prosedure, kan u mediese fonds u dwing om 'n tradisionele (oop) wyse prosedure te ondergaan. Soms moet laparoskopiese prosedures oorgeskalel word na oop prosedures.

U verleen hiermee toestemming tot die administrasie van algemene of lokale narkose.

Sommige prosedures sluit biopsies in. Dit sal gestuur word na 'n laboratorium vir ontleding.

Let asb daarop dat verdere radiologiese ondersoeke, laboratoriumtoetse of ander okselstandige dienste vir die prosedure medies aangedui kan word. In sommige gevalle, mag ander dokters en gesondheidsorgverskaffers deelneem in jou sorg, insluitend operasies, prosedures, behandeling of diagnostiese prosedures en hiermee magtig u dit as nodig vir u sorg.

U gee hiermee toestemming tot die uitruil van persoonlike en kliniese inligting tussen alle relevante of verwyssende gesondheidsorgverskaffers, verteenwoordigers, mediese skemas en hul administrateurs.

Geteken te ___________________________ op die ________ van ____________________________ 20_____.

Pasiënt / ouer / voog naam: ______________________________________

Handtekening: _________________________